- Enige medikasie, hoesgoed en pleisters, Savlon, rome. Daar is nie geld vir die hospitaal as iemand seerkry nie... en met die 60 kinders daar is dit ‘n groot probleem. Iemand het noodhulpkissie voorsien.. maar ons het nodig om dit gedurig op te vul.
- Babakos en melk. Purity No 1 (melk) Ryspap (nestle No 1.) NANNo 1.
- Sambrele vir skaduwee.
- Enige kos, blikkies, sop, pasta, groente en vrugte ens vir die sopkombuis. Dit word daar toegesluit en word beheer deur die kok Simon. Tans kry die inwoners net elke tweede dag kos.
- teels en teelsement.... as ons die badkomers kan teel sal dit ook meer higiënies wees. Tans is dit 'n massiewe probleem.
- Energie besparings gloeilampies.
- Swartsakke vir gemors en skoonmaak van terrein.
- Enige ou tuingereedskap, grasmasjiene en kantsnywers... Die munisipaliteit maak nie die terrein skoon nie.

Hugo het 'n bakkie en is bereid om enige skenkings te gaan afhaal indien die skenker nie kan nie.

Hugo benodig 'n borg. die kinders se skoolfonds is ‘n groot probleem. Die eerste R350.00 van elke kind moet betaal word en is vir boekgelde. Die res word afgeskryf.

Die ouers het bloot net nie die R350.00 nie. Daar is enkeles wat wel werk maar dit word gebruik vir oorlewing.

VERJAARSDAE : 27 APRIL TOT 3 MEI 2008

04/27	FRANCOIS	SMIT	DF MALANLN 223.	664 5255	07Aa
04/29	KONRAD	LÖTTER	KRUGERLN 73	664 2481	20Aa
04/30	TERTIUS	SNYMAN	SMUTSLN 236	664 2650	05Ab
04/30	CARLA	FOURIE	HANS STRIJDOMLN 215A	644 0134	08Ab
05/01	HENNING	WESSELS	KRUGERLN 177	664 2303	11Ac
05/01	SHANNYN	STEYN	KRUGERLN 85(B)	664 3253	20Aa
05/02	CHRISMIE	SCHOLTZ	DF MALANLN 255	664 1172	07Aa
05/02	RITA	CRAFFORD	HANS STRIJDOMLN 119	664 3093	13Aa
05/03	BRICHAMÉ	MAARTENS	SMUTSLN 212	664 2126	08Aa
05/03	MAXIE	MAARTENS	SMUTSLN 212	664 2126	08Aa
05/03	HELEEN	NEL	HANS STRIJDOMLN 51	664 2276	18Aa
05/03	TANIA	NEÜ	KRUGERLN 250A	664 2645	07Ab

HUWELIKSHERDENKING

SATERDAG, 3 MEI

TJAART EN STEPHANIE	DUVENAGE	HOFMEYERWEG 52	664 0635	07Ab

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 27 April 2008

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 27 APRIL

Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens: Ds Charl Botha—Sangdiens

MAANDAG, 28 APRIL

VAKANSIEDAG

DINSDAG, 29 APRIL

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 30 APRIL

17:00 Biduur

DONDERDAG, 1 MEI

Werkersdag

HEMELVAART

09:00 Hemelvaartdiens

VRYDAG, 2 MEI

Skoolvakansiedag

SONDAG, 4 MEI

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Nagmaal (Ds Freddie Schoeman)

MAANDAG, 5 — DONDERDAG 8 MEI

PINKSTERBIDURE

10:00 Ds Odie Odendaal
19:00 Ds Freddie Schoeman

SATERDAG, 10 MEI

09:30 vir 10:00 Vrouebyeenkoms

SONDAG, 11 MEI

PINKSTERFEES

OPNEEM VAN GELOOFOFFERS

09:00 Erediens:
09:00 Kinderedienste
18:00 Aanddiens en kategese
18:45 Ouerbyeenkoms
(Tee, koffie, muffins ens.!)
19:30 Speletjies

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Adolf Crafford van wie beide niere verwyder is en wag op ‘n nieroorplanting (Wyk 09Aa).
2. Jaco en Linda van As met Jaco wat ‘n knie-operasie ondergaan het (Wyk123Aa)
3. Dolf en Rita Crafford met Rita wat herstel na ‘n ernstige voetoperasie. (Wyk 13Aa).
4. Kobus en Elize Badenhorst met Kobus se broer Johan wat nog ernstig siek is (Wyk 03Ac).
5. Eddie en Rinie van Rensburg, (voorheen van ons gemeente) met Eddie wat ‘n omleidingsoperasie ondergaan het. Ons is dankbaar die operasie het goed afgeloop. Hy sterk tans aan by die huis.

HEMELVAARTDIENS

Donderdag 1 Mei
09:00—Hemelvaartdiens
geen diens die aand)

FEESBUNDEL 2008 : PEILING

Ons het u samewerking nodig. Ten einde te verseker dat ons net genoeg feesbundels laat druk en nie later te min het, of met ‘n oorskot sit nie, versoek ons vriendelik dat u die beskikbare vorm in die banke voltooi indien u belangstel.

PINKSTER 2008

Met Pinkster vier ons die uitstorting van die Heilige Gees. Die Gees kom bewerk in ons harte dit wat Jesus deur sy sterwe en opstanding vir ons kom moontlik maak het: *nuwe lewe!*.

Gebed

Vir tien dae lank gaan ons as gemeente die aangesig van die Here opsoek. Na die erediens om 09:00 (Hemelvaartdiens) sal daar geleentheid wees vir gebed in die gemeentesentrum. Vanaf 5 Mei tot 9 Mei sal die gemeentesentrum vanaf 16:00 tot na die Pinksterbiduur oop wees vir gebed. Sop en broodjies sal ook beskikbaar wees ná die biduur. Die hele gemeenskap word daarheen uitgenooi. Daar sal ook gebedsriglyne beskikbaar gestel word wat individue in hulle stiltetyd kan volg. ***Op 11 Mei, Pinkstersondag, bid ons saam met gelowiges regoor die wêreld in 204 lande 'n gebed vir die wêreld.***

Boodskappe

Pinksterboodskappe sal gebring word Sondag 4 Mei (09:00) en ook Maandag 5 Mei tot Donderdag 8 Mei (telkens om 19:00) asook Maandag 5 Mei tot Vrydag 9 Mei om 10:00. Op Sondag 11 Mei word Pinksterfees gevier.

Terugvoer uit die "sendingveld"

Ons gemeente is betrokke by 'n aantal gemeenskapsprojekte wat deur die Geloofofferfonds ondersteun word. Gedurende die aand-geleenthede hierbo sal daar hieroor terugvoer gegee word deur die persone wat daarby betrokke is. Sondag 11 Mei sal gemeentelede weer hulle geloofofferbelofte voor die Here kan maak.

90 dae van seën

Die negentig dae ná 11 Mei word die gemeente aangemoedig te kyk hoe die Here ons kan gebruik om ons omgewing te seën. In hierdie tyd word die gemeente aangemoedig om te volhard in gebed en ook om die evangelies hoofstuk vir hoofstuk deur te lees.

Uitstallings

Die huidige uitstallings sal voortgesit word en uitgebrei word om die fokus te laat val op maniere waarop ons gemeente die gemeenskap rondom ons kan dien.

HULP BENODIG: BLANKE PLAKKERSKAMP BY KRUGERSDORP

Kontak Lien Badenhorst

Tans is daar 83 gesinne en omtrent 60 kinders betrokke. Die algehele omstandighede daar is benard en die mense bly in haglike omstandighede. Ons het dringend die volgende artikels nodig. Hierdie mense is baie en meer as bereid om baie van die werk sal te doen. Hulle oorleef wonderbaarlik onder hierdie haglike omstandighede. Die ablusie blokke het slegs 2 baddens, 2 storte en 3 toilette in, vir die mans en dames afsonderlik, met slegs ‘n sementvloer. En hierdie 230 mense moet dit elke dag gebruik....

Die broodnodigste om mee te begin:- (Ja die lys is baie lank, want daar is niks, niks ... niks.)

- Tente of enige seile om tente waterdig te maak.
- Ou karavane.
- Zozo hutte.
- Enige beskutting waar kleuters gehuisves kan word om te speel en in te kleur.
- Enige speelgoed vir die kinders. (daar is omtrent 60). Ek wag vir 'n lys met name en ouderdomme vanaf Hugo—die kampbestuurder.
- Enige hout, spykers en skroewe. (daar is 3 skrynwerkers wat nie werk het nie en hulle kan hutte of beskuttings hiermee bou.)
- Sinkplate.
- Enige staal (Hugo het ‘n sweismasjien om tafels en beskuttings mee te maak.)
- Ou hout pallets om in skuilings te sit om te dien as 'n vloer... die grond bly nat en koud).
- komberse en kussings.
- enige wol en breipenne (meeste van die dames kan brei, en sal vir die kinders en oumense bedsokkies kan brei.)
- Naaldwerkmasjien en gare (baie dames kan klere maak, en sal help met die heelmaak van klere wat stukkend is.)
- sement
- Beligting. Ligte om buite op te sit vir die nag as iemand toilet toe moet gaan asook veiligheid..
- Hulle benodig 10 “fluorescent” ligte 4 vt, 5 vt en 6 vt.
- Een van die groot geyser het gebars
- Plastiese tafels en stoele.
- As iemand weet van ‘n afdak om voor die sopkombuis op te sit.
- Skoonmaakmiddels. Die badkamers is ’n groot gesondheidsrisiko.
- Enige baba badmiddels, medisyne, poeier, weggooidoeke ens. (babas is 1 maand 3mde, 4mde, 1half jaar, een dame gaan oor 'n maand baba hê, baie kleuters en laerskoolkinders.
- Kinderklere.
- Elektriese draad en trip skakelaars. (vir nuwe bedrading.)
- Gas bottels. en stofies. Hulle ondervind oneindig baie kragonderbrekings.

/vervolg op bladsy 8

VROUEDIENS
DAMESOGGEND SATERDAG 10 MEI 2008
HOEDTEMA
TYD:09:30 vir 10:00

As jy 'n hoed het, dra dit! 'n Prys sal vir die beste hoed gegee word.

Die oggend neem die vorm aan van 'n deelnemende praatjie oor koekversiering en blommerangskikking.
Daar sal ook 'n gasspreker wees oor skoonheidsprodukte van Sh'zen met geskenkies van die produkte.

KOSTE: R95.00 per persoon

KAARTJIES BESKIKBAAR BY:

Antoinette van Rensburg
Lien Badenhorst
Minari Nel
Madelaine Steyn
Sandra Meissenheimer
Eranda Kock

Dit beloof om 'n heel besonderse oggend te wees — maak dus seker dat u vroegtydig u kaartjie kry.

VERSKONING

Daar is nie 'n modeparade by die byeenkoms nie**.**

ID-NOMMERS

As u onseker is of u id-nommers op die databasis is, vul asseblief die onderstaande vorm in. Die id-nommers word genodig om lidmate by die argief te sentraliseer. (Dit is veral die kinders van wie ons nie id-nommers het nie).

OUERS: Vader: ……..
Moeder: ……..

KINDERS: 1. ……..
2. ……..
3. ……..
4. ……..

Dit sal waardeur word indien u hierdie inligting aan Max Amsenga kan deurgee by Krugerlaan 286 (664-3629) of u kan die strokie in 'n koevert in die kollektebordjie plaas. Baie dankie vir u samewerking. (Kinders se nommers vind u op hul geboorteregistrasievorm).

WAT IS JOU STERKPUNTE?

Wat laat jou uitstaan bo ander? Wat is jou unieke sterkpunte en unieke bydrae?

Slegs 17% van alle werknemers rapporteer dat hulle volgens hulle sterkpunte in hulle werkplekke aangewend word. Dit het tot gevolg dat die meeste mense hulle werk as sleur beleef en het 'n negatiewe invloed op hulle lewenskwaliteit.

Elkeen van ons het unieke talente van die Here ontvang. Ons kan dit in 'n doek toedraai en in die grond begrawe soos die man in die gelykenis, of ons kan dit ontwikkel en uitbou.

Wat is jou talente? Dit kan iets wees soos:

- Die vermoë om goeie verhoudings met mense te bou
- Die vermoë om projekte aan die gang te kry
- Die vermoë om te organiseer
- Die vermoë om gedissiplineerd te fokus
- Die vermoë om mense te help om hulle potensiaal te bereik
- Die vermoë om met nuwe idees vorendag te kom

Talle ander ...

Kyk na jou werkdag: is dit wat jy doen in lyn met jou talente of sterkpunte of is dit grootliks sleurwerk? As jy nie jou werk geniet nie is die kans goed dat jou pligte en verantwoordelikhede nie klop met jou talente en sterkpunte nie.

Om jou te help om jou talente te ontdek en hoe om dit uit te bou tot sterkpunte word op 17 Mei 2008 in die gemeentesentrum aangebied. Dit word op 31 Mei herhaal – jy het dus twee geleenthede om dit by te woon. Die koste hieraan verbonde is R280 wat 'n boek, Living your Strenghts, kursusmateriaal, middagete en verversings insluit. Indien jy belangstel, stuur 'n sms aan 0845818139

of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za.

BAIE DANKIE ...

Die Kerkraad sê baie dankie aan die dames wat die verver-sings verskaf het by die Kerkraadsvergadering van 16 April.

Hulle waardeer dit opreg. Braam Fourie het die opmerking gemaak dat dit nog net so gesellig is soos wat dit was toe hy laas op die kerkraad gedien het.

NUWE AANDDIENS

'n Nuwe volwaardige aanddiens is in wording! Vanaf 11 Mei 2008 vind daar elke Sondag om 18:00 'n aanddiens plaas waarheen die hele gemeente en gemeenskap uitgenooi word.

Ons hoop dat veral gesinne dit sal bywoon - daar sal ook 'n kuiergeleentheid vir ouers ná die diens ingerig word.

Die aandprogram sal soos volg daar uit sien:

- 18:00 - 18:45 Aanddiens
- 18:45 - 19:30 Kategese / Kuier
- 19:30 - 20:00 Speel / Kuier

Teken dit solank in julle dagboeke aan!

* * * * *

VERVOERGELEENTHEID PINKSTER EN AANDDIENSTE

Die diakonie sal tydens die Pinksteraanddienste en die aanddienste elke Sondag, vervoer verskaf aan persone wat daarvan gebruik wil maak.

Reël asseblief met Johan de Beer sodat hy kan beplan.

As daar gemeentelede is wat die diakonie wil bystaan in hierdie diens wat hulle wil lewer, kan u ook vir Johan skakel. Hy sal alle hulp baie waardeer.

VERVERSINGS TYDENS PINKSTER

Na die aanddienste tydens pinkster sal sop en broodjies bedien word.

Enige hulp wat u kan aanbied sal waardeer word.

Skakel Antoinette van Rensburg

BAIE GELUK ...

Hartlik geluk aan Jacques en Debbie Erasmus met Jacques se verwerwing van die graad BTh.

JEUGBEDIENING HERONTWERP

Die bediening aan ons kinders en tieners het 'n nuwe aangesig!
Ons gaan in 'n groter mate as in die verlede staat maak op die gemeente se ondersteuning en agter-die-skerms insette.

Ons het die volgende ondersteuningsfunksies geïdentifiseer:

- Logistiek (toerusting, klank, onderrigmateriaal, skryfbehoeftes ens.)
- Administrasie (klaslyste, bywoningsregisters ens.)
- Kommunikasie (sorg dat almal betyds weet wat hulle moet weet.)
- Fondse (Begroting, bestuur, insameling)
- Feeste (reël aktiwiteite soos deur bediening benodig)
- Die doel van hierdie ondersteuningsfunksies is om die bediening so effektief en vlot as moontlik te laat verloop.

Stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za.
Daar is nog steeds 'n ernstige behoefte aan mentors en kategete wat direk met die kinders en jongmense werk.

HUIS TE HUUR : LYTTELTON-OOS

Netjiese drieslaapkamerhuis, veiligheidsomheining, garage, twee motorafdakke en lapa.

Naby skole, besigheidsentrums. Maklike aansluiting na hoofpaaie.

HUUR: R4500.00 per maand vanaf 1 Junie 2008

NAVRAE: Dries van der Merwe

BEWYS VAN LIDMAATSKAP ONTVANG

Vanaf die Gereformeerde Kerk Wesrand:

Belydende lidmaat:

Daniël Petrus Els.

Hy woon in Wyk 09Aa

Hartlik welkom Danie. Ons hoop jy en jou gesin sal baie gelukkig wees by Lyttelton-Oos gemeente